Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 19

5 Junie 2017

Geagte Ouers

MNR HAASBROEK
Mnr Haasbroek is tans in die hospitaal. Verskeie toetse word gedoen om die oorsaak van sy ongesteldheid vas te stel. 'n Hartlike woord van dank vir alle gebede en ondersteunende boodskappe reeds ontvang. Hy waardeer dit ongelooflik baie. Ons sal u op hoogte hou van sy vordering. Hy gaan dus nie hierdie week by die skool wees nie.

EKSAMEN JUNIE 2017
Die leerders sal vanaf Maandag, 12 Junie 2017 om 13:00 mag huis toe gaan. Die eksamen duur tot Vrydag, 23 Junie 2017. Die laaste week, voordat die skool op Vrydag, 30 Junie 2017 sluit gaan die skooldag normaal voort.

RUGBY
Oefening Maandag normale tye. Wedstryde vind plaas op Dinsdag, 6 Junie 2017 by Laerskool Louis Leipoldt. Wedstryde op Donderdag, 8 Junie 2017 by Laerskool Villieria. Spelers sal programme ontvang.

NETBAL
Ons wil die O/12A netbaldogters sterkte toewens met die uitspele wat Vrydag, 9 Junie 2017 by Pretoria High School for Girls in Parkstraat plaasvind.

Netbal afsluiting : Al die netbalspanne vanaf O/7 tot O/13 hou Vrydag, 9 Junie 2017 gedurende skooltyd ons afsluiting. Alle dogters het reeds briewe ontvang met reëlings en kostes vir die geleentheid.

LANDLOOP
Daar sal geen oefening wees ten tye van die eksamen nie.

REVUE
Geen oefening vir Seniorgroep tydens eksamen nie. Laaste oefening vind vandag, 5 Junie 2017 plaas. Die Juniorgroep gaan voort met hul oefeninge.

FOTO'S
Die rugby- en netbalfoto's is beskikbaar vir bestelling by die onderskeie afrigters teen R35 elk. Sluitingsdatum vir bestelling en betaling is Maandag, 19 Junie 2017.
Mandjienetbal foto's word op Vrydag, 9 Junie 2017 geneem. Die dogters word in Villiesdrag afgeneem.

PLASTIESE SAKKE
Daar word weer sakke uitgedeel op Woensdag, 7 Junie 2017. Dit sal slegs in skooltyd plaasvind vanaf 07:30 tot 13:30.

ENTREPRENEURS
Die Seniorafdeling kan Woensdag, 7 Junie 2017 hul produkte bring om te verkoop. Onthou asseblief dat geen kougom verwante produkte of potensiële gevaarlike speelgoed toegelaat word nie.

PRODUKSIE 2000 OPVOERING
Hierdie opvoering vind plaas op Vrydag, 9 Junie 2017. Die Grondslagfase gaan vanaf 08:00 tot 09:00 na die saal en die Seniors vanaf 09:15 tot 10:15. Leerders vir wie dit moontlik is om R5 te betaal moet dit asseblief voor Donderdag by hul klasonderwyser inbetaal. Geen leerders sal a.g.v. kostes die opvoering misloop nie.

Deur die medium van drama word opnuut moeite gedoen om elke leerder bewus te maak :

- Leef jou droom!!
- Stel jou doelwitte
- Maak jou planne en VOLHARD
- Wees die superster in jou eie wêreld

GEMEENSKAPSPOLISIËRINGVERGADERING
Met die inisiatief van die Villieria Polisie, word 'n gemeenskapspolisiëringsvergadering gehou op Donderdag, 8 Junie 2017 om 19:00 in ons skoolsaal. Hierdie vergadering het veral ten doel om ons inwoners van die omgewing hoofsaaklik in te lig aangaande diefstal van motors asook diefstal van besittings in die motors, wat kommerwekkend toeneem. Hierdie vergadering het by uitstek die voorkoming van dié tipe diefstal ten doel. Veilige parkering by ingang in 30ste Laan.

VILLIES DAGBOEK 2018
Ons leederstudiegids vir 2018 word deur Zeroplus drukkers voorberei. Indien u 'n advertensie in die boekie wil laat plaas, kan u vir Zoe kontak by 079 407 5863 of zoe@zeroplus.co.za
Pryse is soos volg:

A5	Voorbinneblad	R4 000-
A5	Agterblad	R4 000-
A5	Agterbinneblad	R3 000-
A5	210mm x 148mm	R1 690-
A6	105mm x 148mm	R 800-
	70mm x 148mm	R 600-
	70mm x 70mm	R 280-

PENNESAKKIE/KOMBERSPROJEK

Ons herinner belangstellende ouers en leerders aan ons pennesakkie/kombersprojek. Alle skenkings moet asseblief voor 23 Junie 2017 by me Otten ingehandig word.

Villiesgroete

_____

A J GROBLER

ADJUNKHOOF